Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 21 SEPT 2009

Kan nie glo ons is op die hond se stert en dat die kwartaal al amper op sy rug lê nie. Vir almal wat die voorreg het om bietjie elders te gaan ontspan, geniet dit terdeë. Die res van ons wat met Jan-tuisbly-se-karretjie ry, geniet tog die onderbreking van die kwartaal se roetine en ontspan onder u eie boom op u eie erf.

OUERVERGADERING : 17 SEPTEMBER 2009

Baie dankie aan al ons ouers wat die ouervergadering oor die skool se finansies bygewoon het. Dit is vir ons 'n riem onder die hart dat u op hierdie manier die skool se belange en ook u kind se toekoms, op die hart dra.
U is voorwaar groot staatmakers.

KOORAAND : 22 SEPTEMBER 2009

Hiermee word u uitgenooi na die kooraand wat op 22 September om 18:00 in die saal aangebied word. Koste beloop R15,00 per persoon. Kore wat gaan optree is: Ons eie J.F. Junior- en Seniorkoor, Oranje Meisieskool en P/S President Brand. Gaskunstenaars: Jewel Voices en Mangaung Strykers. Kom geniet 'n musikale aand saam met ons.

NUUS UIT DIE KOEIKAMP

Hiermee gee ons net die volgende deur:
Baie dankie aan al ons klasse vir julle mooi samewerking met die verkoop van die koeiboekies. Miskien kan ons na die kort vakansie die huidige "droogte" breek en kan ons vir ou Melkskommel weer groot laat glimlag.
Leerders kan ook nog inskryf vir deelname aan die Idols en modeparade.

Bedrae sover deur die klasse ingesamel:

Gr 1A	Juf. Lucille	R1450
Gr 1B	Juf. Elizma	R1880
Gr 1C	Juf. Liezel	R1140
Gr 1D	Juf. Linda	R1110
Gr 2A	Juf. Mara	R600
Gr 2B	Juf. Annatjie	R1544
Gr 2C	Juf. Cristi	R927
Gr 2D	Juf. Belia	R1280
Gr 3A	Juf. Elmarie	R2491
Gr 3B	Juf. Naomi	R1050
Gr 3C	Juf. Aletta	R1896
Gr 4A	Juf. Elsabe	R1232
Gr 4B	Juf. Adrene	R2114
Gr 4C	Juf. Johanna	R1121
Gr 5A	Mnr. John	R2226
Gr 5B	Juf. Amanda	R5315
Gr 5C	Mnr. Derik	R1851
Gr 6A	Mnr. Cassie	R2845
Gr 6B	Mnr. Rudolf	R1590
Gr 6C	Juf. Carina	R2309
Gr 7A	Mnr. Sir	R1020
Gr 7B	Mnr. Pierre	R690
Gr 7C	Mnr Piet	R3570
Gr 7D	Mnr. Ferry	R1160

FINANSIES :

Weer eens 'n hartlike dank uit die Finanskantoor aan elke ouer wat die Buitenbewone vergadering bygewoon het. Baie dankie vir u wonderlike reaksie en al u planne en voorstelle waarmee u ons wil help.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

Die uitstaande en agterstallige rekeninge bly maar 'n moeilike situasie – daar is basies net 3 maande oor en ons versoek u weer eens baie ernstig om u beplanning so te doen dat die skoolfonds vereffen word teen die einde November. Ons kan nie nalaat om reeds nou onder u aandag te bring dat Januarie se skoolfonds onmiddellik betaalbaar is as die skole in die nuwe jaar heropen nie. Wil u nou reeds ook daarvoor begroot nie, asseblief.

Hoewel ons week na week vra dat agterstallige rekeninge betaal moet word, kan ons nie nalaat om te vermeld dat daar ook baie ouers is wie se rekeninge ten volle op datum is, en vir hulle sê ons baie baie dankie. U hou die skool se arms hoog.

Geniet die vakansie en geniet u kinders by die huis.

MEESTERS ATLETIEK KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan mnr. Pierre du Toit wat die afgelope Saterdag aan die bogenoemde atletiekbyeenkoms deelgeneem het. Hy het 'n 1ste plek in spiesgooi en 'n 2de plek in die 200m naellope verower. Jy is 'n ou "Rumkat".
Ons is trots op jou.

VRYSTAAT 0/12 RUGBY

Baie geluk aan Heinrich Stander wat vir die 0/12 Vrystaat Rugbyspan gekies is. Hulle speel gedurende die vakansie in Oos-Londen teen verskeie spanne. Sterkte daarmee. Ons is baie trots op jou.